



AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
BYBELKENNISEKSAMEN – 2019

GRAAD 9 – VRAESTEL

BESTEK	
<i>Ou Testament</i>	<i>Jeremia 46 – 48</i>
<i>Nuwe Testament</i>	<i>2 Thessalonicense</i>
<i>Les</i>	<i>Les 1 – 9</i>

Afdeling A – Jeremia 46-48

Vraag 1 Omkring die regte antwoord op die antwoordstel:

- 1.1 Teen watter volk word daar in Jer. 46 geprofeteer? (Jer. 46:2)
a) Babiloniërs b) Israeliete c) Filistyne d) Egiptenare
- 1.2 Wie was die koning van Egipte? (Jer. 46:2)
a) Farao b) Memphis c) Nego d) Darius
- 1.3 Wie was die koning wat geveg het teen die koning van Egipte? (Jer. 46:2)
a) Nebo b) Nebukadresar c) Nego d) Darius
- 1.4 Wie was op daardie tydstip die koning van Juda? (Jer. 46:2)
a) Jojakim b) Josia c) Jerobeam d) Agas
- 1.5 Wat is die naam van die rivier in Egipte? (Jer. 46:7,8)
a) Eufraat b) Nyl c) Jordaan d) Tigris
- 1.6 Het die Egiptenare van huurtroepe gebruik gemaak? (Jer 46:21)
a) Nee b) Ek weet nie c) Ja d) Al die opsies
- 1.7 Uit watter landstreek kom die Babiloniese? (Jer. 46:24)
a) Suide b) Ooste c) Weste d) Noorde
- 1.8 In Jeremia 46 word daar ook 'n ander naam vir die volk Israel gebruik? (Jer. 46:27,28)
a) Israel b) Juda c) Jakob d) Egipte
- 1.9 Teen watter volk profeteer Jeremia in hoofstuk 47? (Jer. 47:1)
a) Gasa b) Filistyne c) Moabiete d) Ammoniete
- 1.10 Teen watter volk profeteer Jeremia in hoofstuk 48? (Jer. 48:1)
a) Moabiete b) Kanoniete c) Hetiete d) Israeliete

Vraag 2 **Vul die ontbrekende woorde op die antwoordstel in:**

val, hoofde, Gasa, leërskaie, Here, Askelon, kalwers, vlug, huurtroepe, baarde

- 2.1 Jer. 46:10 – Maar dié dag behoort aan die A HERE van die B `n dag van, wraak om wraak te neem, op sy teenstanders.
- 2.2 Jer. 46:21 – Ook is haar C daar by haar soos D uit die stal, maar hulle het ook omgedraai en almal saam gevlug, hulle het nie bly staan nie.
- 2.3 Jer. 47:5 – n Kaal plek het op E gekom; F is vernietig, die oorblyfsel van hulle dal. Hoe lank sal jy jou stukkend kerwe?
- 2.4 Jer. 48: 37 - Want al die G is kaal en al die H is afgeskeer, op al die hande is snye en om die heupe is `n roukleed.
- 2.5 Jer. 48:44 – Hy wat I vir die vrees sal J in die kuil en hy wat uit die kuil klim sal gevang word in die net.

Vraag 3 **Sê of die volgende Waar of Vals is.**
Vul jou antwoord op die antwoordstel in:

- 3.1 Jeremia was `n valse profeet. (Jer. 46:1).
- 3.2 Die Nyl is `n rivier in Egipte. (Jer. 46:7).
- 3.3 Farao het vir Gasa verslaan. (Jer. 47:1).
- 3.4 Die horing van Moab is afgekap en sy arm verbreek. (Jer. 48:25)
- 3.5 Die Kusiete, Putéërs en Ludiete het saam met die Egiptenare geveg (Jer. 46:9)
- 3.6 Die Here sê vir sy kneg, Jakob, hulle moet vrees en verskrik wees. (Jer. 46:27)
- 3.7 Die Here maak die Filistyne tot niet. (Jer. 47:4)
- 3.8 Moab het die Here aanbid. (Jer. 48:35)
- 3.9 Die seuns van Kamos was verlore? (Jer. 48:46).
- 3.10 Die Here sal nie die lot van Moab verander nie. (Jer. 48:47)

Vraag 4 **Beantwoord die volgende vrae op die antwoordstel:**

- 4.1 Wat het Nebukadrésar in Egipte kom doen? (Jer. 46:2)
- 4.2 Noem `n stad van die Filistyne: Is dit a) Askelon, b) Karmel, of c) Sidon? (Jer. 47:5)
- 4.3 Met watter dier word Egipte vergelyk in Jer. 46:20?
- 4.4 Moab sal neergeslaan word. Kies een: Moab sal ook `n a) belagging word b) vertroosting word c) seën word. (Jer. 48:26)
- 4.5 Waar moes die inwoners van Moab gaan woon het? (Jer. 48:28)

35 Punte

Afdeling B – 2 Thessalonicense

Vraag 5 Omkring die regte antwoord op die antwoordstel:

- 5.1 Aan wie word hierdie brief geskryf? (2 Thes 1:1)
a) Kolossense b) Filippense c) Thessalonicense d) Romeine
- 5.2 Wie is die skrywer van die brief aan Thessalonica? (2 Thes. 1:1)
a) Timótheüs b) Paulus c) Silvánus d) Petrus
- 5.3 Na wie se wederkoms word daar verwys? (2 Thes. 2:1)
a) die Antichris b) Jesus c) Paulus d) Petrus
- 5.4 Waarteen het Paulus die gemeente gewaarsku? (2 Thes. 2:3)
a) teen misleiding b) teen geld c) teen die keiser d) teen bekommernisse
- 5.5 Wie verhef homself bo al wat God genoem word? (2 Thes. 2:4)
a) die gemeente b) Christus c) die teëstander d) die Jode
- 5.6 Wie sal die gemeente versterk en bewaar teen die bose? (2 Thes. 3:3)
a) die Here b) Paulus c) die mense d) die buur gemeente
- 5.7 Waar sal die teëstander gaan sit as God en voorgee dat hy God is? (2 Thes. 2:4)
a) in die sinagoge b) in die tempel c) in my huis d) in Thessalonica
- 5.8 Wie moet geopenbaar word vóór die koms van Christus? (2 Thes. 2:3)
a) Jesus b) seun van die verderf c) Timótheüs d) Johannes
- 5.9 Wie was een van Paulus se medewerkers volgens die brief aan die Thessalonicense? (2 Thes. 1:1)
a) Lukas b) Petrus c) Timótheüs d) Johannes
- 5.10 Die ongelowige sal straf ondergaan in 'n ewige verderf. Wat maak die straf so erg? (2 Thes 1:9)
a) dit sal verwyderd wees van jou familie b) dit sal wees sonder ander vriende
c) dit sal wees sonder God d) dit sal warm wees

Vraag 6 Voltooi die volgende sinne en vul die antwoord op die antwoordstel in:

engele, dwaling, voorskrifte, leuen, dank, geloof, woord, getrou, bose, verdruk

- 6.1 Ons moet God altyd oor julle A broeders soos dit billik is, omdat julle B grootliks toeneem....(2 Thes. 1:3)
- 6.2 en aan julle wat C word, verligting te gee saam met ons in die openbaring van die Here Jesus uit die hemel met sy magtige D (2 Thes. 1:7)
- 6.3 En daarom sal God hulle die krag van die E stuur, om die F te glo, (2 Thes. 2:11)
- 6.4 So dan, broeders, staan vas, en hou julle aan die G wat julle geleer is, of deur 'n H of deur 'n brief van ons. (2 Thes. 2:15)
- 6.5 Maar die Here is I, Hy sal julle versterk en bewaar van die J (2 Thes. 3:3)

Vraag 7 Sê of die volgende Waar of Vals is. Vul jou antwoord op die antwoordstel in:

- 7.1 God het van die begin af mense verkies tot saligheid deur te glo. (2 Thes. 2:13)
- 7.2 Paulus vra dat daar gebid word dat die woord van die Here vinnig verkondig sal word. (2 Thes. 3:1)

- 7.3 Paulus moedig die gemeente aan om aan te hou om goed te doen. (2 Thes. 3:13)
- 7.4 Ons moet ons nie laat mislei nie. (2 Thes. 2:3)
- 7.5 God sal vir hulle die krag van dwaling stuur, om die leuen te glo. (2 Thes. 2:11)
- 7.6 Ons moet ons onttrek aan elke broeder wat onordelik wandel en nie volgens die oorlewering wat hy van ons ontvang het nie. (2 Thes. 3:6)
- 7.7 Paulus en sy medewerkers was lui en het nooit n steek werk gedoen nie. (2 Thes. 3:8)
- 7.8 Paulus en sy medewerkers het altyd voorbeeldig gelewe (2 Thes. 3:9)
- 7.9 Die gemeente word aangemoedig om nie te werk nie. (2 Thes. 3:10)
- 7.10 As iemand nie die woord van die brief wil gehoorsaam nie, moet ons hom vermaan as 'n broeder. (2 Thes. 3:15)

Vraag 8 Beantwoord die volgende vrae op die antwoordstel:

- 8.1 Is die verderf (oordeel) a) tydelik of b) ewig? (2 Thess 1:9)
- 8.2 In die 2de brief aan die Thessalonicense verwys Paulus na Jesus se Wederkoms? Antwoord Ja of Nee. (2 Thes. 2)
- 8.3 Voltooi: Want ons hoor dat sommige onder julle onordelik wandel, dat hulle nie _____ nie, maar bemoeisiek is. (2 Thess 3:11)
- 8.4 Moedig Paulus die gemeente aan om vir hulle te bid? Ja of Nee
- 8.5 Paulus dank die Here dat geloof gegroei het in die gemeente. Wat het nog meer geword in die gemeente? (2 Thess 1:3)

35 Punte

Afdeling C – Les 1-9

Vraag 9 Sê of die volgende Waar of Vals is.
Vul jou antwoord op die antwoordstel in:

- 9.1 Alle mense het sonde. (Les 1)
- 9.2 Die Heilige Gees bestaan van ewigheid af. (Les 2)
- 9.3 Ek besluit self of ek wil glo. (Les 3)
- 9.4 Almal wat aan die kerk van Christus behoort is nie gelowig nie. (Les 4)
- 9.5 As jy nie uitverkies is nie kan jy nog steeds hemel toe gaan. (Les 5)
- 9.6 God verkies mense sonder dat hulle dit verdien. (Les 6)
- 9.7 Gelowige mense doen steeds sonde. (Les 7)
- 9.8 My liggaam gaan opgewek word uit die dood. (Les 8)
- 9.9 Gelowiges ontvang die ewige lewe as hulle sterwe. (Les 9)
- 9.10 Ek kan nie seker wees ek is uitverkies nie. (Les 6)

Vraag 10 Vul ontbrekende woord op die antwoordstel in:

werk, sondig, natuur, self, ware, niemand, verdien, hierdie, betaal, suiwer,

- 10.1 Die Here Jesus Christus het 'n menslike A op aarde aangeneem. (Les 1)
- 10.2 Alle gelowiges vorm die B kerk van Jesus Christus. (Les 4)
- 10.3 Die ware kerk moet die Woord van God C verkondig. (Les 4)
- 10.4 Geen mens D om uitverkies te word nie. (Les 5)
- 10.5 Alle mense is E en verdien die dood. (Les 1)

- 10.6 Die planne van God sal deur F uitgelê kan word nie. (Les 6)
10.7 God het G besluit om vir Hom kinders te kies. (Les 6)
10.8 Ons ontvang reeds die ewige lewe in H lewe. (Les 6)
10.9 Die Heilige Gees I die geloof in ons. (Les 3)
10.10 Jesus Christus het vir jou sondes gesterf en vir jou skuld J . (Les 7)

Vraag 11 **Beantwoord die volgende vrae op die antwoordstel:**

- 11.1 Wie het die Heilige Gees na ons gestuur? (Les 2)
11.2 Watter ander naam noem Jesus die Heilige Gees? (Les 3)
11.3 Gaan alle mense gered word? (Les 6)
11.4 Wie almal ontvang die Heilige Gees? (Les 2)
11.5 Van wanneer tot wanneer vergader Jesus mense om sy volk te wees? (Les 4)
11.6 Watter 2 kenmerke moet mens besit om aan die kerk te behoort? (Les 4) (2)
11.7 Wanneer het God besluit om mense uit te verkies? (Les 5)
11.8 Is daar iets wat ekself kan doen om gered te word? (Les 5)
11.9 Wat is die Christen se hoop na die dood? (Les 8)
-

30 Punte

Totaal: 100 Punte